GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Distrik: Gauteng-Wes

Gemeenskaplike eksamen

Graad 11

Afrikaans Huistaal

Vraestel 1: Taal in konteks

# MEMORANDUM

November 2016

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

*Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### Nasien van die leesbegrip

- Omdat die fokus op begrip is, moet foutiewe spelling en taalfoute in response nie gepenaliseer word nie, tensy sulke foute die betekenis verander. (Foute moet steeds aangedui word).

- As 'n kandidaat woorde van 'n ander taaI as die taal van die vraestel gebruik, moet daardie woorde geïgnoreer word. Moenie die kandidaat penaliseer indien die antwoord steeds sinvol is nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

- By oopvrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/ motivering/ regverdiging moet oorweeg word.

- Geen punte word toegeken vir vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/ OPINIE nie. Die rede of motivering moet oorweeg word. Wanneer een-woord-antwoorde vereis word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

- Wanneer twee/ drie feite/ punte vereis word en die kandidaat verstrek 'n reeks, word slegs die eerste twee/ drie.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir veelkeusevrae word BEIDE die letter EN/OF die antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**
**TEKS A**

| NO | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Hy ry teen 200 km/h √<br>– vér bo die wettige spoedgrens van 120km/h√ | 2 |
| 1.2 | C adrenalien √ | 1 |
| 1.3 | Inligtingstegnologie; √<br>Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniginge.√ | 2 |
| 1.4 | In *Proteus* jaag die hoofkarakter op 'n kragtige motorfiets; √<br>Joubert wil graag self die gevoel kry √<br>van wat die hoofkarakter (Tobela) ervaar het.√ | 3 |
| 1.5.1 | Hy is bang vir die motorfietsrit ('n ongeluk)/<br>Hy bid vir hulle veiligheid√ | 1 |
| 1.5.2 | komies/humoristies/grappig /verligting/ bewondering√ | 1 |
| 1.6 | Motoriste mag dalk dink hy is gay (of 'n sissie)√<br>as hy (uit vrees) vir Meyer om die middellyf vashou op die motorfiets. √ | 2 |
| 1.7 | Hulle dink dalk dié twee is rowwe kêrels of rowers √<br>wat hulself vermom in hul motorfietsuitrustings.√ | 2 |
| 1.8 | Figuurlik.√ 'n Boek kan nie, soos 'n mens, vir iets vra nie. √OF 'n Swart hoofkarakter sou die beste by die inhoud van die boek pas. √ | 2 |
| 1.9 | Onopsigtelike √ | 1 |
| 1.10 | Spanningsroman /spanning/spanningslyn√ | 1 |
| 1.11 | Hy het die internet gebruik.√ en met mense gepraat wat betrokke was by die intelligensiediens.√ | 2 |
| 1.12 | 'n Primitiewe, sterk gevoel/dryfkrag om kreatief te wees.√ . | 1 |
| 1.13 | Sy boeke is in ses tale vertaal.√ | 1 |
| 1.14 | "Maar dis net 'n opsie."<br>OF<br>"Die rolprentbedryf is vol warm lug en grootpratery, glo my."√ | 1 |
| 1.15 | Hy gee die meisies in die wit Golf 'n "ysterperdkyk"/<br>Dit is vir hom lekker om die meisies 'n koel kyk te gee√ | 1 |
| | | **[24]** |

## TEKS B

| NO. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | Hulle is geskryf deur Deon Meyer/dieselfde skrywer OF Hulle is romans OF hulle het een-woord titels. √ | 1 |
| 1.17 | Proteus OF die derde boek. √ | 1 |
| 1.18 | Orion √ | 1 |
| 1.19 | Albei word beskryf as “die gewildste”. √ | 1 |
| 1.20 | Antwoord moet gestaaf word met ‘n eie opinie. | 2 |
| | | **[6]** |

**TOTAAL: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

**Puntetoekenning:**
- 7 punte vir 7 feite (1 punt per kernfeit)
- 3 punte vir taal
- Aantal punte: 10

**Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie verbatim aangehaal het nie:**
- 1-3 punte korrek: ken 1 punt toe
- 4-5 punte korrek: ken 2 punte toe
- 6-7 punte korrek: ken 3 punte toe

**Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat verbatim aangehaal het:**
- 6-7 aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1-5 aanhalings: ken 1 taalpunt toe

**LET WEL:**

**Aantal woorde:**
- Nasieners moet die aantal woorde wat kandidate aanwend, verifieer.
- Moenie enige punte aftrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aandui nie, of as die aantal woorde wat aangewend is, verkeerd aangedui is nie. As die vereiste totaal oorskry is, lees tot die laaste sin voor die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

## VRAAG 2

| AANHALING | MOONTLIKE EIE WOORDE |
|---|---|
| Jy kan by ‘n liefdadigheidsorganisasie, soos “Hoop deur Aksie” of jou plaaslike Hospice-tak betrokke raak. | **1. Raak betrokke by ‘n welsynsorganisasie se aktiwiteite.** |
| Raak by jou kerk of kultuurorganisasie se aktiwiteite betrokke. | **2. Neem deel aan die aktiwiteite van die kerk of ‘n kultuurorganisasie.** |
| Waarom lees jy nie ‘n slag boek wat heeltemal buite jou normale belangstellings en voorkeure val nie, of waarom waag jy dit nie om vir ‘n kompetisie in te skryf nie? | **3. Lees vir die eerste keer ‘n boek wat jy nie normaalweg sou kies nie.** |
| … of waarom waag jy dit nie om vir ‘n kompetisie in te skryf nie? | **4. Waag dit om vir ‘n kompetisie in te skryf.** |
| Reis na ‘n bestemming wat vir jou onbekend is. Jy hoef nie oorsee te reis nie – daar is baie interessante plekke in ons pragtige land om te ontdek. | **5. Reis na ‘n onbekende plek wat selfs ‘n plaaslike bestemming kan wees.** |
| Ontdek jou verborge talente deur vir ‘n musiek- of kunsklasse in te skryf. | **6. Skryf in vir musiek- of kunsklasse** |
| Gaan doen dus ‘n reksprong iewers, of gaan kabelsweef of onderneem ‘n warmlugballon rit - al het jy hoogtevrees. | **7. Doen iets waaghalsigs.** |

**TOTAAL: 10**

**AFDELING C**

**DIE NASIEN VAN AFDELIN C**

- **Spelling:**
  - Een woord - antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin - antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te weesa.
- **Sinskonstruksies** moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui .
- By **meervoudige keusevrae** word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3**

| NO. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Die kleur verskil van die res van die opskrif.√ | 1 |
| 3.2 | Gesin – reël 2 of almal wat 'n gesonde, kiemvrye vel te hê.√ | 1 |
| 3.3. | Velhigiëne reeks/velgesondheidsreeks √ | 1 |
| 3.4 | Nee. Die teks handel oor 'n mooi vel en dit is wat uitgebeeld word<br>OF<br>Ja. Die vrou pas nie regtig in nie ,want die produkte wat geadverteer word is bedoel vir die hele gesin.<br>OF<br>Ja. Dis nie nodig om die vrou so sonder klere/'n vrou wat uitlokkend lyk, in te sluit nie.√ | 1 |
| 3.5 | Om mens bewus te mak/te beklemtoon dat Cuticura kieme vernietig.√ | 1 |
| 3.6 | Sepie √ | 1 |
| 3.7 | Vertroueling√ | 1 |
| 3.8 | Reeks√ | 1 |
| 3.9 | Dit staan aan die begin 'n sin en word so beklemtoon√ | 1 |
| 3.10 | Eie standpunt. Ja. Dit is want … OF Nee. Dit is nie want√ | 1 |
| | | [10] |

**VRAAG 4**

| NO. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | B (Personifikasie) √ | 1 |
| 4.2 | Blokkie √ | 1 |
| 4.3. | Die uil gee 'n slim antwoord.√ | 1 |
| 4.4 | (Elke)nou en dan√ | 1 |
| 4.5 | Somtyds/partykeer/soms√ | 1 |
| 4.6 | Nee. Dit is nie sodat hulle die regte advertensie kan opsit./<br>Nee, dit is sodat hulle nie die regte advertensie kan opsit nie.√ | 1 |
| 4.7 | Afhaal/verwyder√ | 1 |
| 4.8 | Hy sit die regte advertensie op/ Hy het die regte advertensie opgesit√ | 1 |
| 4.9 | Dit is eiename√ | 1 |
| 4.10 | "Hoe op aarde"√ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5**

| NO. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | erger √ | 1 |
| 5.2 | Korttermyngevolge √ | 1 |
| 5.3 | Landelike√ | 1 |
| 5.4 | Byvoeglike naamwoord√ | 1 |
| 5.5 | Ori van Zyl het gesê dat dit belangrik was √ dat pogings aangewend moes word√ om mense wat in daardie √ situasie was √ te ondersteun<br><br>*Al die dele moet reg wees vir 1 punt* | 1 |
| 5.6 | Toon-aan-ge-wen-de√ | 1 |
| 5.7 | Dit gaan 'n lys vooraf/lei 'n lys in/staan aan die begin van 'n lys.√ | 1 |
| 5.8 | vra graag die publiek/mense√ | 1 |
| 5.9 | 'n Beroep word op die publiek gedoen (deur ons) om hierdie inisiatief te ondersteun√ | 1 |
| 5.10 | Assimilasie√ | 1 |
| | | [10] |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**